Villa Byvoegmiddel Wenk van die Maand

BYVOEGMIDDELS: IS DIT 'N INTEGRALE KOMPONENT VAN SPUITOPLOSSINGS OF NET FOEFIES?

Byvoegmiddels is met verskeie gewasbeskermingsprodukte (GBP) geregistreer en dit word in baie spuitmengsels toegedien. Is byvoegmiddels nodig of is dit net 'n ekstra koste vir die produsent? Die antwoord op hierdie vraag is kompleks omdat 'n byvoegmiddel se bruikbaarheid bepaal word op grond van of dit die tekortkominge van die GBP kan aanspreek. Byvoegmiddels kan dus noodsaaklik wees om effektiewe beheer te bewerkstellig, of dit kan 'n mors van geld wees indien dit vir die verkeerde redes aanbeveel word. Die twee scenarios word onder in meer detail bespreek.

'n Integrale komponent van spuitmengsels

Alle GBP het tekortkominge wat dit minder effektief maak. Soutantagonisme, alkaliese water, swak bedekking, onvoldoende druppelverspreiding en verminderde of vertraagde opname a.g.v. lae lugvog maak produkte minder effektief. Die doel van byvoegmiddels is om hierdie faktore aan te spreek en om die effektiwiteit van die GBP te verbeter. Met byvoegmiddels sal 'n GBP meer van sy potensiaal bereik en die beheer verhoog, veral wanneer omgewingstoestande nie ideaal is nie. Die korrekte byvoegmiddel spreek hierdie eksterne faktore aan en stabiliseer die effektiwiteit oor 'n wye reeks toestande. Byvoegmiddels kan dus as 'n integrale deel van spuitoplossings beskou word en sal 'n betekenisvolle bydrae tot die effektiwiteit van die GBP maak. Etikette moet bestudeer word, en die geregistreerde byvoegmiddel moet gebruik word. Villa doen moeite om GBP met die korrekte byvoegmiddels te registreer wat waarde tot die effektiwiteit van toedienings toevoeg.

Foefies

Die beeld van byvoegmiddels het oor die afgelope paar jaar verbeter. Verby is die dae toe byvoegmiddels as 'n onnodige ekstra beskou is, en uit tenkmengsels gelaat is wanner produsente onder finansiële druk was. Die meeste moderne produsente verstaan die waarde van byvoegmiddels en dit word dikwels in spuitoplossings ingesluit. Die probleem ontstaan dikwels wanneer die etiketaanbevole byvoegmiddel deur 'n ander produk vervang word. Die plaasvervanger byvoegmiddel spreek dan nie die tekorkominge van die GBP aan nie en lei tot swak effektiwiteit, veral onder sub-optimale toestande. In hierdie geval kan die verkeerde byvoegmiddel as 'n foefie beskou word wat geen waarde tot die spuitoplossing toevoeg nie. Dit kan selfs antagonisties wees of onmengbaarheid veroorsaak. Die verkeerde aanbevelings en toedienings kan byvoegmiddels 'n slegte naam gee. 'n Byvoegmiddel wat die perfekte keuse vir een GBP is kan die swakste vir 'n ander een wees. Ken jou byvoegmiddels en probeer om by etiketaanbevelings te bly. Kontak jou Villa bemarkingsadviseur vir 'n geskikte plaasvervanger indien die korrekte byvoegmiddel nie beskikbaar is nie.

Villa se mening

Villa glo in byvoegmiddels, en ons het die waarde daarvan op verskeie geleenthede ervaar. Ons het egter ook al gesien hoe die verkeerde byvoegmiddels met rampspoedige gevolge gebruik is. Hierdie gevolge sluit swak beheer, fitotoksisiteit of onmengbaarheid in. Byvoegmiddels wat korrek aangewend word, kan die verskil tussen aanvaarbare en onaanvaarbare beheer beteken. Dit kan die effektiwiteit verhoog en stabiliseer om die GBP in staat te stel om meer van die potensiaal te bereik. Byvoegmiddels kan egter ook die skurk in die verhaal wees indien dit verkeerd aangewend word. Dit kan dus 'n integrale komponent van spuitmengsels wees of net 'n foefie. Dit hang alles af van hoe dit gebruik word.

Kontak Brian de Villiers vir inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by 082 880 0974 of bdevilliers@villacrop.co.za